Greater Cederberg
Fire Protection Association

Notule

Algemene Jaarvergadering (2017-2018)

21 Junie 2018 (15:00 – 17:00)

Waterverbruikersvereniging Konferensie Saal - Citrusdal

1.	Opening en Verwelkoming

Bertus Senekal verwelkom almal teenwoordig op die vergadering.

Sien: Aanhangsel 1 – Teenwoordigheid register en Aanhangsel 2 – Lys van Verskonings ontvang.

2.	Goedkeuring van vorige notule

Die notule van die vorige Algemene Jaarvergadering (7 Junie 2017) word aan die vergadering voorgelê. Goedkeuring van die notule word deur Cobus Smit voorgestel en dit word gesekondeer deur Antony Petro.

3.	Ledegeld Verhoging

Voorstel van lidmaatskap en ander fooie verhoging soos op vorige jaarvergadering (7 Julie 2017) wat jaarliks volgens die inflasie koers (CPI) aangepas word bly steeds van toepassing. Hierdie besluit sal staande bly tot wanneer dit verander word.

4.	Verkiesing van nuwe Bestuur

Geen nuwe bestuur word verkies, aangesien die huidige dagbestuur instem om voort te gaan in hul poste.

5.	Finansiële Verslag

Jacomien Britz lê die finansiële verslag voor vir die tydperk Maart 2017 tot Februarie 2018.

- Die bedrag van R72 610 is gedurende die finansiële afgeskryf as gevolg van lede wat plase verkoop en lidmaatskap onttrek het;
- Heelwat meer lede het aangesluit ten opsigte van die vorige finansiële jaar;
- Grootste uitgawes is brandstof en salarisse;
- Daar is nog ’n bakkie aangekoop (R65 000) ten einde ons dienslewering aan lede te kan verbeter;
- Heelwat besparings het voorgekom op vorige uitgawes wat toon dat die personeel baie spaarsamig is in hulle optrede;
- Lede word versoek om asseblief die kantoor in kennis te stel sodra die status van u lidmaatskap by die GCBBV verander (bv. eiendom wat verkoop, aangekoop en

verhuur of bygehuur word) – dit sal verseker dat die korrekte state aan lede gestuur word;

- Gebruik asseblief u lidmaatskap nommer as verwysing wanneer u ’n elektroniese bank inbetaling doen en
- Indien enige kontak besonderhede van ’n lid verander, soos e-pos adres of selfoon nommer, stel ook asseblief die GCBBV so gou moontlik in kennis, foutiewe e-pos adresse weerhou die kantoor om suksesvol met die lede te kommunikeer en sodoende word lede van belangrike inligting weerhou.

6.	Jaarverslag

Charl du Plessis gee terugvoering oor die werksaamhede van die afgelope jaar, ***(Sien Aanhangsel 3 – Jaarverslag 2017-2018)***

Bertus Senekal, die GCBBV Voorsitter en die Brandweerhoof by Weskus Distriksmunisipaliteit (WKDM) gee ook terugvoering oor die afgelope brandseisoen en die werksaamhede die afgelope jaar.

- 243 brandpermitte is aan lede uitgereik gedurende 2017/2018;
- Daar was 48 brandvoorkomings inspeksies op eiendomme in die streek;
- 1120 oproepe is ontvang deur die beheersentrum vir verskillende tipes nood situasies;
- 2 ekologiese beheerde brande is bygewoon deur die WKDM en samewerking met die GCBBV;
- Overstrand Distrik Munisipaliteit is een keer tydens ’n brand deur die WKDM bygestaan;
- R1.4 miljoen is gebruik vir lugondersteuning gedurende die 2017/2018 brandseisoen;
- WCDM kry meer navrae oor brand versekering, lede word weereens aangemoedig om voor elke brandseisoen seker te maak dat die regte, voldoende brandversekering vir hulle eiendom in plek is;
- Grond-oudits sal ook weer deur die Brandweer gedoen word om te bepaal of brandbestuursplanne geïmplementeer word en of die eiendomme veilig is in terme van brandrisiko en brandbestrydingsoperasies;
- Noodnommer wat gekontak kan word om brande te rapporteer gaan ook verander, daar word vir goedkeuring gewag deur die Provinsie – Die huidige nommer bly tot tyd en wy van toepassing;
- Brandpermit reëls en regulasies word ook aangepas – permitte gaan gespesifiseer word volgens gedeeltes op eiendom wat spesifiek gebrand word;
- Grondeienaars word weereens herinner aan die feit dat die Brandweer, 022 4338700, aangrensende bure en die BBV in kennis gestel moet word indien daar beplan word om enige beheerde brand uit te voer.
- Regulasies vir die Lugondersteuning vorm (MOU) gaan ook moontlik hersien sodat dit die administratiewe kant vir die BBV en grondeienaar meer moeite vry maak.
- Lede word gevra om die GCBBV in kennis te stel indien daar enige behoefte aan spesifieke opleidings sessies nodig is.

- Nicky Esterhuizen deel mee dat baie grondeienaars nie permanente inwoners op hul eiendomme is nie en dat die nodige voorgeskrewe brand permit reëls nie nagekom word nie.

Bertus Senekal meld dat grondeienaars wat om spesiale redes permitte kry om gedurende 1 November tot einde April te brand verplig sal wees om hulle getekende "MoU" by Dispatch kantoor beskikbaar te hê om vliegtuie in te roep as die vuur sou weghardloop.

7.	**Algemene Sake bespreek**

- *Provincial Disaster Management Center* (PDMC) het 'n kontrak geteken met *Advanced Fire Information System* (AFIS) sodat die AFIS sisteem ook vir die BBV's beskikbaar sal wees. Daar word ook gepoog om AFIS se *Fire Danger Index* (FDI) te gebruik as 'n erkende FDI sisteem sodat dit ook in regsgedinge gebruik kan word.
- PDMC verteenwoordiger van Springbok doen navraag of die plaaslike BBV teen 'n fooi genader kan word om vir skole bewusmaking programme aan te bied? – Bertus Senekal antwoord hierop dat sleg die plaaslike brandweer so tipe veldtog kan loods omdat dit gaan oor die brand van strukture.
- Die Wes-Kaap Sambreel BBV hou 'n konferensie gedurende die week van 26 tot 30 November 2018, waartydens verskeie aktiwiteite bespreek sal word, onder andere opleiding sessies soos 'Veiligheid om die Huis' en Vuurlyn Veiligheid aangebied sal word. Indien enige iemand belangstel om die bekendstelling by te woon kan die GCBBV kantoor kontak vir meer inligting.

8.	**Afsluiting**

Die Voorsitter, Bertus Senekal, bedank almal vir hul bydrae en teenwoordigheid. Spesiale dank aan die Citrusdal Besproeiingsraad vir die gebruik van die fasiliteite.

Die vergadering verdaag om 17:00.